

11 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 30

Fokusgedeelte: Psalm 30:2a en 13b

“Ek wil u lof verkondig, Here”

'n Groot deel van Dawid se lewe het uit vlug vir sy vyande bestaan. Dit was soms vir hom só erg dat sy gesondheid ingegees het (vs 3). Hy moes selfs die dood vas in die oë kyk. “Ek (was) al op pad na die dood” (vs 4). Tog het al hierdie teespoed hom nie ondergekry nie, want in sy ellende het hy die Here aangeroop. Hy het sy nood nie vir homself gehou nie, maar daarmee na die almagtige God toe gegaan.

En kyk net die heerlike uitkoms: “U het my gered” (vs 2). Só is God: Hy red jou as jy in die nood is. God verander nie. Ook vandag sal Hy vir jou deure oopmaak – in die besonder die deur na die ewige lewe op grond van Jesus se versoeningswerk.

Gaan gerus met jou versugtinge na Hom toe. Moontlik is jy vandag hartseer en verlang jy na 'n geliefde wat dood is. Dalk wag 'n probleem by jou werk vir jou en dit voel vir jou dis 'n berg waaroor jy nie kan kom nie. Iemand naby aan jou se siekte lê jou na aan die hart, maar die dokters het ook al opgegee. Wees verseker: Jy hét nié en jy sál ook nooit by 'n doodloopstraat aankom nie. Met jou hand in God se almagtige en alwyse hand is daar altyd 'n pad vorentoe.

Soos wat die Here Dawid uit sy nood gered het, só sal Hy ook met jou maak. Saam met Dawid sal jy kan getuig: “U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek” (vs 12). Hy sal jou trane in vreugde verander (vs 6).

Omdat die Here dit aan jou doen, kan jy in 'n uitbundige lofsang die goedheid van God uitjubel. Jy het elke dag genoeg rede om saam met Dawid te sê: “Daarom sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!” (vs 13). Moenie vandag stilbly nie. Loof God vir sy goedheid!

Sing: Psalm 107:1 (1936-beryming)

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)